

Skriflesing: 1 Korintiërs 1:10-2:5

Teks: **1 Korintiërs 1:21-24**

Sing- **Ps. 61:1,6; Ps. 60:1; Ps. 72:6; Ps. 68:13**

1 Korintiërs 1:10-2:5

- 1Co 1:10** Maar ek vermaan julle, broeders, in die Naam van onse Here Jesus Christus, om almal eenstemmig te wees, en dat daar geen skeuringe onder julle moet wees nie, maar dat julle verenig moet wees in dieselfde gesindheid en in dieselfde mening.
- 1Co 1:11** Want dit is aan my deur die huisgenote van Chloë bekend gemaak aangaande julle, my broeders, dat daar twiste onder julle is.
- 1Co 1:12** Ek bedoel dit, dat elkeen van julle sê: Ek is van Paulus, en ek van Apollos, en ek van Céfas, en ek van Christus.
- 1Co 1:13** Is Christus verdeel? Is Paulus miskien vir julle gekruisig? Of is julle in die naam van Paulus gedoop?
- 1Co 1:14** Ek dank God dat ek niemand van julle gedoop het nie, behalwe Crispus en Gajus,
- 1Co 1:15** sodat niemand kan sê dat ek in my naam gedoop het nie.
- 1Co 1:16** Ek het ook nog die huisgesin van Stéfanas gedoop. Verder weet ek nie of ek iemand anders gedoop het nie.
- 1Co 1:17** Want Christus het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig, nie met wysheid van woorde nie, sodat die kruis van Christus nie verydel mag word nie.
- 1Co 1:18** Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God;
- 1Co 1:19** want daar is geskrywe: Ek sal die wysheid van die wyse mense vernietig en die verstand van die verstandige mense tot niet maak.
- 1Co 1:20** Waar bly die wyse? Waar bly die skrifgeleerde? Waar die redetwister van hierdie eeu? Het God nie die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak nie?
- 1Co 1:21** Want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red;
- 1Co 1:22** want die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid,
- 1Co 1:23** maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke;
- 1Co 1:24** maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God.
- 1Co 1:25** Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense; en wat swak is by God, is sterker as die mense.
- 1Co 1:26** Want let op julle roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie;
- 1Co 1:27** maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam;
- 1Co 1:28** en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies, en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak,
- 1Co 1:29** sodat geen vlees voor Hom sou roem nie.
- 1Co 1:30** Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.
- 1Co 1:31** Daarom, soos geskrywe is: Die wat roem, moet in die Here roem.
- 1Co 2:1** En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God kom verkondig met voortrefflikheid van woorde of van wysheid nie,
- 1Co 2:2** want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.
- 1Co 2:3** Ek was ook by julle in swakheid en in vrees en in veel bewing;
- 1Co 2:4** en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag,
- 1Co 2:5** sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God.

Skriflesing: 1 Korintiërs 1:17-2:5Teks: **1 Korintiërs 1:21-24****Sing-**

Broeder en suster, wanneer Paulus hierdie gedeelte skrywe wat ons vandag gelees het, dan lê die gebeure op die pad na Damaskus al omtrent 20 jaar agter hom. 20 jaar terug het hy Christus op 'n besondere manier leer ken. As Jood was hy in baie opsigte in 'n unieke posisie. Paulus se ouers het heel waarskynlik 'n besondere diens aan die Romeinse owerheid moes lewer sodat hulle as Jode op Romeinse burgerskap aanspraak kon maak. Jode het dit nie maklik ontvang nie. Toe Paulus waarlik in die nood was en hy hom op die Romeinse keiser beroep was hierdie burgerskap besonder waardevol; (Hand 25:11). As leerling of student van Gamaliël was hy goed opgelei. Hy het die Grieks/Romeinse kultuur geken, die Romeins/Griekse digters en ook hulle filosofiese geskrifte het hy geken. Ons onthou Paulus was ook 'n opgeleide Fariseër, wat hom in die kring van 'n Joodse kenner van die tora geplaas het. Die Romeine, die Grieke, die Judaïsme, hy het hulle agtergronde geken.

Wanneer ons 1 Korintiërs lees dan het Paulus te doen met 'n erg verdeelde gemeente. 'n Vrou met die naam Chloë se gelowige werkers het op 'n manier die boodskap by Paulus uitgekry dat die gemeente dreig om uitmekaar te val. Hulle weet nie meer wie en wat hulle is nie. Hulle as kerk staan verward en verskeurd. Chloë, wie sy presies was, is nie maklik om agter te kom nie. Tog sou die gemeente die Here dankbaar moes wees vir so 'n vrou. Die gedagtes loop uiteen dat van die mense wat vir haar gewerk het, moontlik finansiële beamptes was wat besigheid namens Chloë in Korinte kom doen het en in hulle gewone werk kom hulle op hierdie buitengewone gespanne en verdeelde klomp mense af. Hierdie werkers van Chloë as gelowiges van Efese, was dit baie swaar om te sien wat gaan daar in Korinte aan. Terug in Efese, waar Paulus ook op daardie stadium was vertel hulle hom hierdie hartseer spanning en verdeeldheid en vandaar skryf Paulus, so ongeveer 55 n.C. ...

Verdeeldheid, twiste en dreigende skeuring is wesentlik. Die moeilikheid met sulke spanninge is gewoonlik mens gesentreerd. In baie gevalle is dit mense wat leiding behoort te gee, maar sulke mense kan ook aanleiding tot skeuring wees. Daar word van mense gemaak dit wat mense nie kan en mag wees nie. Mense word teen mekaar uitgespeel en kry elkeen sy gevolg van mense agter hom aan. Daar is gewoonlik iets aan 'n ander mens wat of die een aantrek en die ander afstoot. Sulke verdeeldheid oor 'n ander mens maak natuurlik dat daar

ook verdeeldheid kom oor wat vir die een mens belangrik is en wat die ander mens as middelmatig of ondergeskik stel.

Duidelik kan ons uit hfst. 1 agterkom die verdeeldheid het oor verskeie terreine gestrek. Daar het 'n verdeeldheid gekom oor die doop, 'n ander groep het weer gedink dat ons voorganger moet welsprekend wees, 'n slim man wat wyse dinge kan sê. Die ander het weer geglo daar moet wondertekens plaasvind, want wat kan nou belangriker wees as tekens waarmee ons gevoed kan word. So gebeur dit dan dat Apollos word deur 'n sekere groep aangehang want hy is darem 'n man wat weet wat hy wil sê. Hy praat goed, hy is werklik 'n wyse man wat die filosofie van die Grieke so mooi vir ons nader bring. In dieselfde gemeente kom die Jode en sê basta met die Grieke se wysheid, ons as Jode, ons soek wondertekens. Dit gee ons krag as ons kan sien watter wonderlike dinge en watter wonderlike tekens daar vir ons wat die Joodse geskiedenis en tradisies agter ons kan plaas, om hierdie tekens weer na vore te bring, dit is wat waarlik die belangrikste is. Petrus, Sefas, hy is ons man want hy laat die tekens nie agterweë nie.

Hierdie spanning waar die een klomp wysheid en filosofie vooropstel, die ander klomp stel belang in tekens en boonop kom daar nou nog verwarring oor die doop. As ek deur Paulus gedoop is, dan is my doop belangrik, die ander een sal vir jou sê nee ek is darem deur Apollos gedoop, my doop is daarom belangriker as jou doop. So word die spanning opgebou en opgebou. Daarom dat Paulus eintlik 'n tipe dankbaarheid uitspreek dat ek in my persoon, het darem baie min mense daar gedoop. As ek meer mense gedoop het dan was die verdelingslyne nog erger alhoewel dit al erg was. Al vir wie Paulus in die 18 maande wat hy daar was, kon onthou vir wie hy gedoop het, was Crispus en Gaius (vgl. Hand 18:8; 19:29). Crispus was dan ook 'n voorman, hoof by die sinagoge in Korinte. In vers 16 dan onthou Paulus dat hy ook vir Stefanus en sy huisgesin gedoop het. Hierdie Stefanus wat later ook vir Paulus besoek het (1 Kor. 16:17).

Wanneer die mense van sr Chloë hierdie hartseer toestand meedeel dan gaan dit nie maar net daaroor dat sekere mense voel oor sekere dinge sterker as oor ander dinge nie. Dit kan mos goed wees as daar tussen mense gesonde verskil oor sekere dinge ook kan wees. Die kerk van die Here het dit baie keer nodig. Mense wat sake van verskillende kante kan benader en wat die klem dan anders lê as die een wat dit weer uit sy hoek benader. Diversiteit in die kerk is nie noodwendig 'n lelike misplaaste realiteit wat dadelik mense op hulle agtervoete moet

plaas en so gou moontlik bygelê moet word nie. Paulus kom later in hfst. 3 by gesonde diversiteit. Waar die een kom en hy plant, in die geval Paulus, die ander kom maak nat, Apollos, maar dit is God wat laat groei. Dit moet om die Here gaan, al kan daar wel in 'n groot mate verskille in mense se benaderinge, se bedieninge, se persoonlikhede wees maar die diversiteit het natuurlik sy perke. 'n Feit wat ons as kerke as kerkverband bekend as die GKSA baie duidelik en baie versigtig mee moet omgaan. Dit het by ons reeds baie spanninge teweeggebring... wat geen gesonde spanning genoem kan word nie.

In vers 5 is daar die ernstige vermaning dat die spanning en verskille en dreigende skeuringe in Korinte het handuit geruk. Paulus praat in die Naam van die Here en doen 'n oproep tot eenstemmigheid, die gelowiges moet *verenig wees in dieselfde gesindheid en in dieselfde mening...* Wanneer hierdie gesindhede en meninge nie saamstaan in wat werklik die kerk ware kerk maak nie, dan is die haas in die veld en al wat 'n hond is jaag hierdie haas om dit uitmekaar te skeur. Nooit het die Here sy kerk soos 'n haas deur allerhande honde wil laat jaag en nog minder dit so uitmekaar te skeur nie...

Paulus spreek byna 'n vreemde tipe dankbaarheid uit dat hy nie baie mense in Korinte gedoop het nie, want kan hy hulle daarop wys sy werk gaan om mense na Christus te bring. Dit wat Christus voorop gestel het dat mense sy dissipels gemaak moet word (Matt.28:19), dit is die fokus waarbinne Paulus homself plaas. As hulle dan wel later gedoop kan word en die doop met sy wonderlike bevestigende werk in Christus as verbondsteken en verbondsbeloftes staan daarby, soveel te beter, maar die doop mag nie oorsaak wees van skeuring deur te bewys van my doop is beter as jou doop want ek is deur Paulus gedoop en ek deur Petrus nie. Dan is dit mos nie meer waaroor die doop gaan nie, nog minder waaroor dit in die kerk van die Here om moet gaan.

In 1 Korintiërs is dit duidelik dit is nie aan te toon dat Apollos en Petrus en ingesluit dan Paulus in hulle persone en in hulle onderskeie bedieninge iets verkeerd gedoen het nie, maar dit wat mense van hulle as persone maak, dit spel die verkeerde. As dit nie meer oor Christus en die volle krag van die kruis en die graf en die opstanding gaan nie, maak dan maar die kerk se deure toe! Wanneer een klomp hulle aanhang vir Apollos nie kan verberg nie, want hy ken Griekse wysheid, hy praat so goed en duidelik, ons hou van hóé hy praat, ons krag is in Apollos se wysheid, wat wil die mens daarmee bereik... net dieselfde vraag aan die ander as dit vir julle nie meer gaan om Christus en Wie Hy is en wat Hy vir ons gedoen het nie,

m.a.w. soos Paulus dit baie klassiek uitdruk...*Christus en Hom as die gekruisigde...* Wie Hom mis, is werklik besig om van wat die kerk moet wees 'n gemors te maak. Dit doen mense goed om van die kerk 'n eie speelbal te maak, domein van my denke en my krag en my oortuiging want ek wat die spiere bou wil dit graag kerklik bult. Wie sy eie spiere kerklik wil bult is met dwaasheid besig, is met iets baie gevaarlik besig.

Nou moet ons mooi oplet dat Paulus besef hierdie tweespalt en skeuring in Korinte het diep inslag want het die mense van verskillende kante hulle nie soseer teen mekaar opgestel nie, maar hulle het in werklikheid hulle teen Christus opgestel. Gewone kerklike prediking, dit wat Paulus weet hierdie mense beskou die gewone verkondiging van die Woord, ja wanneer iemand gewoon preek as iets belaglik, daar is geen iets daarin wat hulle meer beïndruk nie, dit het vir hulle geen ware wysheid meer, die diepe wysheid van die Griekse filosofie, dit wat hulle neig om Apollos mee te assosieer, sonder hierdie wysheid is die prediking dwaasheid, man! Hulle soek wysheid in die preke, soos die Grieke ons mee beïndruk. Die Grieks gebruik vir die woord dwaasheid, die woord moros- ons ken die woord moroon- 'n baie negatiewe woord wat daarop dui iemand is dom, hy is swak, hy kan nie self besluit nie, ja 'n harde woord wat in sy konteks beteken as jy nie 'n moroon is nie, is jy nog swakker, jy is imbesiel, of jy is 'n idioot as jou IK onder 20 is....

Die ander soek weer iets kragdadig, daar moet 'n wonder plaasvind, anders het dit vir ons geen krag meer nie. Sonder hierdie krag van wondertekens is die prediking die ene swakheid.... Ons kan darem iets van hierdie krag by Petrus bespeur, daarom is hy ons man! Wanneer die Romeine en die Jode met hulle invalshoeke die gewone prediking aanval, dan doen hulle dit met groot aggressie en venyn. Soos dit vandag nog gebeur. As iemand sy kloue in die kerk wil inslaan dan is dit nie maar net 'n paar ligte krapmerke nie, nee so diep en hard as moontlik werk die satans klou om sy skeur te skeur.

Ons wat gekom het diep aan die einde van nog 'n jaar, laat ons onself maar afvra wat was my verwagtinge vir 2013, wat is die kerk in 2014 veronderstel om nog te wees. 'n Instituut, 'n organisasie van hoe mense die kerk wil sien, dit moet my beïndruk, daar moet met krag en wysheid en allerhande strategieë groot indruk gemaak word, ek soek 'n Petrus-krag, 'n welsprekende Apollos-wysheid, of waarna soek ons?

Broeder en suster, in hierdie tyd wanneer die krip in Bethlehem in besonder ons aandag moet trek, weet ons in watter skaduwee lê die krip. In die skadu van die kruis. In die kerk moet dit net gaan oor Één, oor Christus wat gekruisig is. Die krag van God en die wysheid van God. In die oënskynlike swakheid van 'n geboorte wat in 'n stal plaasgevind, in 'n krip, die voerplek van diere lê hierdie Kind, geen eer, geen aansien, geen ordentlike herberg vir Hom wat gebore moes word nie, swakker nog, bietjie meer as drie dekades later, die kruis op Golgota, in hierdie oënskynlike swakhede daarin lê die krag van God.

Paulus gee dit dadelik toe waar die kruis van Christus vir die Grieke dwaasheid is, vir die Jode is die kruis nie net swakheid, dit is 'n skande, maar vir dié wat in Christus glo is die kruisboodskap die krag van God en die wysheid van God. Wêreldse dwaasheid word in die krip maar meer nog in die kruis van Christus, God se krag God se wysheid! Al het die Grieke hulleself baie slim gehou, dit wat mense baie gekompliseerd kan maak, maar Paulus maak dit duidelik en sterk.

Dit wat julle dwaasheid wil maak, die Romein verag die kruis as 'n simbool van eerloosheid... so erg die Romeine glo jy praat nie eers daarvoor nie, die woord kruis moet nie oor jou lippe kom nie, nog minder moet dit naby jou liggaam kom, jy moet nie eers daaraan dink nie, weg van jou ore en jou oë, dit het die Romeine wou doen as dit kom by die kruis. Vir die Griekse filosowe/wysgere het dit geen sin kon maak dat die dood van een mens, 'n klomp ander kan red nie. Hulle wou nie eers daarvoor redeneer nie. Dit is eenvoudig vir hulle 'n dwase gedagte.

Dit doen die Romeine, vir die Jode weer word die kruis 'n skande, in die Griekse taal lees ons dit is vir hulle 'n struikelblok (skavndalon)... Skavndalon is daardie stokkie wat jy opstel as jy 'n voëltjie in 'n wip wil vang. Dit is die stok wat die wip laat toeval, dit gee aanstoot, ja het die Jode gesê dit maak dat mense sondig. Ons weet ook uit Gal 3 en Deut. 21 dat die Jode het die kruis as 'n vervloeking gesien. Nou kom 1 Korintiërs en in werklikheid keer dit die mense se wêreld en hulle denke, upside down, soos die Engelsman sê. Hierdie Woord oor die kruis, hierdie waarheid oor die kruis, dit breek die manier waarop ons as mense gewoonlik dink.

Ons wil uit ons wêreld wat ons so belangrik beskou die ander dinge betrag. Ons dink in 'n vertikale lyn en dit van onder na bó, die sondige mens wil uit sy empiriese ervaringswêreld

probeer om op te klim, as ek tog net bietjie hoër kan klim, dan kan ek iets groter bereik. Is dit nie maar hoe ons as mense dink nie...?!

God se Woord, die waarheid oor die kruis, ja ook dit wat die geboorte van Christus uniek maak, is nie 'n van **onder na bó** gebeurtenis nie, nee, dit is 'n van **bó- na onder** gebeurtenis. Dit wat gemaak het dat Maria swanger kon word, dit alles staan in Luk. 1:35- ... *Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu.* Die gedagte van die Allerhoogste sal jou oorskadu, dit kom van **bó- na onder**... dit is so aangrypend, want as ons Gen. 1:2 lees dan staan daar- *2 En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters.* Die Heilige Gees wat oor die hele skepping van waters gesweef het, alles was see... dieselfde Heilige Gees kom van bo en oorskadu 'n enkele jonge vrou dat sy swanger geword het en kom die volle swewing toe Jesus gedoop word, toe sweef die Gees weer, ja 'n duif kan sweef, die Gees wat oor die hele skepping in Gen. 1 sweef, het oor Maria gesweef, sy word swanger, maar die Gees kry 'n sitplek... in die gedaante van 'n duif het die Gees by Jesus se doop nie net oor Hom neergesweef nie, nee op Hom kom sit... Alles van bó- na onder. God se wysheid aan die werk...

As ons hierdie dinge besef, dan staan ons in die skoene van Paulus, heeltemal op gelyke voet met Hom, want ons hoef nie die getuïenisse van God met 'n voortreflikheid van woorde of wysheid oor te dra nie. Dit is nie nodig nie! Ek hoef nie op ander mense indruk te maak nie, ek kan ook nie, want nou se indrukke, is môre se wanindrukke, maar wat ek en jy wel gewoon moet doen, is om die eenvoudige boodskap van die krip na die kruis na die wêreld oor te dra.

Wat mense standaard aanbetref was Paulus die eerste wat gesê het el voldoen nie aan julle standaard nie. Hyself weet dat hy glad nie wafferse spreker kan wees nie, om met mense te praat, veral met die Korintiërs was hy bang, hy sê hoe hy geen selfvertroue en wysheid kon aantoon nie, hy huiwer in baie opsigte, my boodskap gaan julle nie beïndruk nie, maar dit gaan nie om my nie... Dit is alles behalwe 'n boodskap met indrukwekkende menslike krag en oorwinning, niks hiervan nie, maar ons teksverse het alles saamgebring. Ons het niks anders te verkondig, ons identiteit lê nêrens anders as net in Jesus Christus nie. Die krip en die kruis gaan nie maar net oor heilswaarhede nie, dit het gebeur en dit is goed dat dit gebeur

het nie, nee die woord van die kruis bepaal jou identiteit... wie jy waarlik is...wie jy waarlik voor God kan wees. Daar kom 'n groot verskil.

Ons moet afsluit. Het u agtergekom hoe Paulus die Grieke se soeke na wysheid, die Jode se vra na tekens, hoe dit alles gekontrasteer word met wat ons moet doen... die soeke na wysheid en die vra na tekens word gekontrasteer met die verkondiging van Christus. Dit waarmee ons hierdie jaar mee kan uitgaan, dit waarmee ons die 25ste Desember kan benader, ja dit waaroor dit in 2014 ook oor moet gaan, die verkondiging van Christus... Christus se Persoon, Christus se werk dit gaan om baie meer as maar net basiese leerstellinge oor Jesus, want wie op die Persoon van Christus fokus daarin is die Koninkryk van God geleë... Wie die wysheid en die krag van die kruis werklik sy eie maak, staan nie by stukke hout stil nie, dit waarmee die paradys ook mee gevul was, baie bome, klomp hout, ons beweeg baie vêrder as dit... met die werklike verkondiging van Christus word die Koninkryk van God oopgesluit... God se tuin word heeltemal nuut oopgemaak, by die engele verby!

Die wêreld het eintlik 'n smagting na net twee dinge, na mag en na wysheid... so ontmasker ons die grootste afgode van die wêreld... mag en wysheid. As die Jode tekens soek, dan soek hulle eintlik na mag, hulle smag na bevryding, as die Grieke wysheid soek, dan is dit vir hulle soos 'n god, 'n afgod, ons kan dit maar verbygaan. Ja in ons swakke mense bestáán, is ons wat by Christus is reeds met die grootste krag en die grootste wysheid oorlaai, al sterwe ek ook... ek hoef nie te presteer nie, maar ek moet Christus uitleef en verkondig. Ons identiteit lê in die krag van die opstanding, want as die kruis nie gevolg was deur die opstanding, dan was dit natuurlik dwaasheid om hierdie kruis te bly verkondig maar die kruis kry betekenis in die opstanding. Daarom wie Christus het, het krag en wysheid...wie Christus het, het alles. Vers 30 stel dit so treffend- *30 Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.*

AMEN